**Sondag 14 Mei 2023**

Ek hoop dat vanoggend vir jou sinvol sal wees. Vanoggend wil ek graag stilstaan by die vrae, wat jy dalk ook in jou lewe oor gewonder het:

- Hoe praat God met my?
- Hoe weet ek God is daar?
- Wat doen die Heilige Gees?

Ek wonder dikwels hoe hoor ons in 2023 God se stem. Hoe praat hy met ons? En Hoe weet ons hy is daar.

Vanoggend wil ek ‘n deel van my eie storie vertel. En ek doen dit nie om oor myself te praat nie (Ek is hier om oor God te praat), maar dalk help my verhaal jou, om ook God se verhaal raak te sien.

Soos julle weet het my lewe onherroeplik verander 2 maande gelede. Iets het oor ‘n hele tyd gebeur. Daar was goeie dae en slegte dae. Daar was tye wat ek gedink het dit kan nou maar gebeur. Daar was ander tye wat ek gedink het ek is nog nie reg daarvoor nie, dit is te groot vir my. En toe gebeur dit. En ek geniet dit so baie. Julle weet waarvan ek praat. Ek praat van die splinternuwe braai wat by die pastorie gebou is…

Kyk net daar- is dit nie ongelooflik nie... Die styl, Die spasie.

Min slaap, want ons braai heeltyd.

Foto’s van wat ons braai word geneem en vir Ouma/Oupa gestuur.

Vriende kom kyk, en wens ons geluk met die nuwe braai.

Ons braai, ons eie trots.

Ek grap sommer ent oor die braai. Ek verwys eintlik na die geboorte van ons seuntjie Josua. So paar weke voor Josua se geboorte gaan ek en my vrou op ‘n toer deur St Georges hospitaal se kraam en kinder eenhede. Ons wil dam weet wat wag, en hoe lyk dit. OP daardie toer is ons vriendelik, opgewonde en groet klomp mense in die verbygaan.  Na afloop van die week is ons toe Sondag by die kerk. Ons kies om kinderloos in die Babakamer/Moederskamer te sit. Dit is tog al plek waar daar ‘n lugverkoeling is, en jy kan kerk bywoon terwyl dit ‘n lieflike 17 grade is. Na afloop van die erediens tik iemand op my vrou se skouer en se vir haar, het jy nie hierdie week deur die kraamsaal gestap nie, hallo my naam is Tashne, ek is ‘n verpleegster daar, ons gaan inskakel by julle gemeente.

En ek wonder, hoe werk dit? Toevallig? Ek dink nie so nie. En kon Tashne ons tydens die geboorteproses ook bystaan met haar inloer en wysheid. God stuur mense oor ons pad. Glo jy dit, gly jy die persoon met wie jy getroud is, is deur God oor jou pad gestuur? Glo jy jou kind is as geskenk deur God aan jou gestuur? Ek glo dit. Want as jy dit glo, dan maak dit van die ander persoon ‘n geskenk, en jy kyk dan mooi na hom/haar.

Ons is opgewonde om na die volgende verhaal ook Tashne en haar man Malan se baba dogter (Layla Smith) te doop.

Die proses met my seun se geboorte het vroeg die oggend begin. 02:00 om presies te wees. Teen daardie tyd, met die adrenalien, opwinding en alles was alles in rep en roer by die Wessels huishouding. Dit is moeilik om dit te beskryf. Jy weet wat om te doen, maar jy weet ook nie heeltemal nie. Half ‘n nervous excitement. Waar is die pak lysie, moet ons nou al ry. Is dit nou al 3 in 10 minute, okay dit is 3 in 12 minute, wat doen ons nou? Teen 04:00 besluit ons, ons ry nou St

Georges toe. My vrou beweeg bitter stadig so ek hardloop maar heen en weer, gee die hond kos, gryp ’n pak provitas en ’n appel, gaan trek solank die motor uit, en pak alles in die motor. Dit is toe, 04:00 die oggend buite my motor (tussen al die gemengde emosies) wat ek ‘n ervarig het wat ek nooit sal vergeet nie. Toe die motor al vir ‘n paar sekondes aangeskakel is, toe sync my vrou se foon met die radio, en Spotify begin speel. En val al die miljoene en miljoene liedjies wat op Spotify speel, is dit Leah en Jo Black se liedjie wat speel. En nie aan die begin nie, dit begin by die koor.

Dit klink so

- Jy is nooit alleen…

Ek onthou ek het vir so oomblik net ge-pause (stilgestaan), dit ingeneem, en geweet hierdie is nie toevallig nie. Hierdie is God wat gesels. Wat 04:00 die oggend vir my wil kom troos, bemoedig en aanmoedig. Asof hy op hierdie Vrydagoggend baie vroeg nie deur die Mannegroep, of die Bybel, of ‘n droom of ‘n vriend of vriendin met my praat nie, maar deur musiek van Leah en Jo Black…

- Doopgeleentheid
- Vanoggend lees ons saam vanuit **Handelinge 17:22-34**

Ons lees hierdie week van Paulus wat in Atene stap. Voordat ons meer sê, moet ons eers bietjie loer na hoe het Atene gelyk en gewerk in daardie tyd. In hierdie stadium het die stad maar sowat 5 000 inwoners gehad. Atene was destyds ’n soort wêreld op sigself. Amper soos Londen of New York. ’n Soort kultuursentrum van tempels, teaters, markpleine – waar mense van oor die hele wêreld saamgetrek is. Dit het ’n ryke verskeidenheid, vol unieke mense van verskeie kulture. Dit was die soort plek waar die lewe nie stilstaan nie, maar waar nuwe dinge daagliks gebeur. Dit is ook waar die Filosowe bymekaargekom het.

Die opvallende ding was vir my dat Paulus nie net binnestap en begin gesels nie. Hy stap eers deur die stad. Hy probeer homself eers oriënteer en dan sien, wat is hier aan die gebeur. Hy pas aste ware die beginsel toe van “Lead by walking around”. Die goeie bestuurder, die goeie skoolhoof, die leier kan nie net heeldag in die kantoor tussen die mense sit nie, maar moet ook tussen die mense wees en weet wat op grondvlak gebeur. Dit is wat Jesus ook deur sy bediening gedoen het.

Na Paulus se rondloop gaan staan hy dan tussen die mense. voor die Areopagus gaan staan en gesê nie: Ek kan sien hierdie stad is in die greep van die Bose. Iets wat baie Christene vandag baie maklik doen.

In vers 19 word daar gesê: "*Hulle* het hom na die Areopagus geneem …" Dit beteken waarskynlik dat Paulus voor die Raad van die Areopagus gebring is. Dit was die legendariese Ateense hof wat die Areopagus genoem is omdat hulle in die vroeë tyd op die Areopagus of die heuwel van Ares byeengekom het. Dit het veral die hoogste gesag gedra in godsdienstige sake en kon ook publieke redenaars aanstel om só ’n mate van beheer oor die publieke debat uit te oefen. Die waarskynlikste scenario is dat hulle Paulus voor die Areopagus gebring het om daar ’n uiteensetting van sy leer te gee. Hy haak aan by iets tasbaars om die evangelie van Christus te verkondig.

In vers 22 se Paulus dan: "Ateners, ek sien dat julle in alle opsigte baie godsdienstig is.

Paulus kies sy woorde baie versigtig. Die Griekse woord, *Deisidaimon* kan "baie godsdienstig" (in 'n positiewe sin) beteken, maar dit kan ook "baie bygelowig" (in 'n negatiewe sin) beteken.

Dit is soos om vir die persoon wat nie glo in Mediese fonds en versekering nie, te sê, sjoe maar jou Geloof is groot. Gee jy vir die persoon ‘n kompliment of nie?

En Paulus verduidelik dan verder vir hulle en sê dat hy gelees het hoe daar staan op een van die altare “aan ‘n onbekende God”. En Paulus wil dan vir hulle hierdie onbekende God bekendmaak. En hy doen dit deur die volgende te noem:

a. God is die skepper. Hy het jou gemaak. Glo jy dit? Hy het die persoon langs jou gemaak, glo jy dit? Vers 25- dit is Hy wat aan almal lewe en asem en alles gee. Wanneer jy inasem dan weet jy die Here is in jou, wanneer jy uitasem dan weet jy die Here is rondom jou. Hy het Sardinia Baai geskape? Glo jy dit? Hy het die wolke en Ladyslipper en die see geskape. Hy is die skepper van hemel en aarde.
b. “God het hulle gemaak om Hom te soek, al sou hulle ook moes rondtas om Hom te vind.” Dat daar van die begin af in ons elkeen die soeke is na God. Na iets groter as onsself. Na die rede vir ons bestaan.
c. En dan gee hy ‘n skets van God se teenwoordigheid, wat nie ver is van enigeen van ons nie. Om die waarheid te sê, “deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons” en “van Hom stam ons af”.
d. En hy sluit met ‘n afwysing van afgodsbeelde as ‘n toegang tot God en ‘n oproep tot bekering wat hy koppel aan die opstanding van Jesus.

Ons lees hoe hierdie getuienis gesorg het dat ’n paar mense toe wel die geloof aangeneem het.

Ek het in die lees van die teks, keer op keer gedink en gewonder, hoe sal, hoe sou dit lyk as Handelinge 17, vir vandag in ons konteks geskryf het. Ek gaan skryf toe my eie vertaling:

Handelinge 17 vir Sondag 14 Mei 2023

Toe stap Paulus af van Kaapweg af in Kraggakamma weg in. Hy sien weerskante van hom Fernglen, Framesby en Sunridge. Hy dink dat dit nogal ander lyk as ander dele van die stad wat hy al gesien het.

Aan sy linkerkant sien hy Sunridge village. Hy sien klomp mense met propvol trollies en hy wonder of mense al daardie kos gaan eet, of word daarvan weggegooi. Hy sien mense rondom tafels sit, maar baie van hulle kyk op hul fone en hy wonder hoekom.

Iewers ry ’n motor hom amper om, want die stopstraat is nie geverf nie en hy wonder wanneer dit gaan gebeur en wanneer die slaggat reggemaak gaan word. Hy sien in die area groot mooi skole, met groot heinings en reuse- geboue. En hy wonder hoe dit met die kinders gaan. Hy sien die sportwedstryd, die aanmoediging van afrigters en ouers en hy wonder of daar tydens die wiskunde en rekeningkunde periode ook soveel aanmoediging is om te presteer. Hy wonder hoe praat onderwysers met mekaar, hoe praat kinders met mekaar en voel almal dat hulle in die skool geliefd en aanvaar is.

Oral in die strate sien Paulus mense wat stap of draf, Dit is vir hom wonderlik. Hy wonder net of hulle ook soveel moeite met hul gees doen as met hul liggaam.

Paulus sien die groot huise en hy wonder hoeveel mense bly is so groot huis. Hy wonder ook of die hoë mure maak dat mense hul bure ken. By sommige huise word Paulus ingenooi, nie by almal nie, maar by sommige huise kyk hy ook wat julle kyk op die televisie, hy gesels saam aan tafel, hy scroll saam deur die mense se fone en hy kyk ook na die e-posse op die rekenaar.

Paulus sien dan die groot kerk op die hoek van Gazania en Broadway. Hy wonder hoekom die kerk so groot is en hoe gereeld dit gebruik word. Dit is Sondag. Hy sien die klomp karre en neem aan dit is die gemeenskap wat hier bymekaarkom.

Hy stap binne, gaan staan voor al die mense, vat die Mikrofoon en sê: Gemeente van Kraggakamma en voel God sit dit op my hart om vir julle sê: ................

Ek weet nie wat Paulus sal sê nie.... Dalk moet die Gees maar self elkeen oortuig van wat God vir hulle wil sê. Wat Het Paulus is jou lewe, in jou huis, in jou hart gesien?

Ek los jou met die slot gedagte: Life is not about seeing God, it is about seeing with God. Vandag kyk ons na Moeders of vroue in ons lewe, ons kyk na die doop van 'n kind, ons kyk na ons eie lewe en wonder of ons alleen is, ons kyk na die Bybel, ons kyk na Paulus se verhaal. En daardeur alles is die kuns om te kyk soos God kyk.

Ek vermoed, dalk net dalk, sal Paulus se boodskap dieselfde bly:

Dalk bly Paulus se boodskap dieselfde.

- ✞ God het jou gemaak.
- ✞ Iets in jou sal altyd soek na God
- ✞ Sy teenwoordigheid is oral. Jy is nie alleen nie.
- ✞ Wees versigtig, die lyn tussen geloof en bygeloof is klein.

Seën gebede: